

**30 Augustus**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**  
**Kernvers: Openbaring 21:1, 2**

**Leef elke dag met 'n verwagting van 'n nuwe hemel en aarde**

Elke dag gebeur daar soveel slegte en hartseer dinge rondom ons. Dink maar net aan wat jy vandag in die koerant gelees het en oor die nuus gehoor of gesien het. Moord, diefstal, bedrog, roof, afgodery, dood, siektes, bedrog, seksuele losbandigheid en baie meer. Vanuit hierdie wêreld kan ons elke dag weer nuut oor die toekoms dink. Ons kyk as gelowiges vorentoe met hoop in ons harte na eendag wanneer hierdie dinge finaal verby is.

Johannes gee inhoud aan ons toekomsverwagting wanneer hy in ons teksvers 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sien kom. Die nuwe aarde dui nie noodwendig op 'n ander fisiese aarde nie. Die woord in die oorspronklike taal dui eerder op nuut as vars en fris en met 'n nuwe kwaliteit. Die uitstaande nuwe kwaliteit van die nuwe hemel en aarde is dat God nou vir ewig by sy kinders bly. Hulle leef in ewigheid met Hom. Alles op die nuwe aarde getuig van blydschap, eenheid, vreugde en volmaaktheid. Daarom is die see ook nie meer daar nie – die see, beeld van onrus, skeiding, rampe en gevare (vgl. Ps. 65:8; Jes. 57:20; Op. 13:1).

En dan, die nuwe Jerusalem. So anders as die aardse stad met sy sondige mense vol gebrokenheid. Die nuwe Jerusalem is heilig, sonder smet, sonder sonde, aan God toegewy. Dit is soos 'n bruid wat gereed is en vir haar man versier is. Jerusalem, die heilige stad, die bruid, dui onder meer op die kinders van die Here, die ganse ware kerk, getroue volgelinge van Jesus Christus. Hy is die Bruidegom, en sy kerk is vir Hom gereed gemaak en versier. Dit alles is net genade, God self wat uit genade sy kinders vir die koms van die Bruidegom gereed maak.

Dis 'n heerlike vooruitsig wat jy as getroue gelowige vandag reeds kan hê deur die werking van die Heilige Gees in jou hart.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 9*

*Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)*